# GEHALTEBEHEER BINNE INTERNE OUDITFUNKSIES EN DIE TOEPASSING DAARVAN IN SUID-AFRIKA

**deur**

**MARINDA MARAIS**

**voorgelê ter vervulling van die vereistes**
**vir die graad**

**MAGISTER COMMERCII**

**in die vak**

**OUDITKUNDE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF J J WENTZEL**

**MEDESTUDIELEIER: PROF P N SWEMMER**

**JUNIE 2003**

**OPGEDRA AAN**

**MY MAN, KINDERS**

**EN OUERS**

## Dankbetuiging

My opregte dank aan die volgende persone vir hulp om hierdie werk te voltooi:

- My studieleier, prof J. J. Wentzel en mede-studieleier, prof P. N. Swemmer, vir u aanmoediging, leiding en hulp en vir die tyd wat u bereid was om af te staan.

- Rina van Tonder, vir haar vriendelikheid en noukeurige tegniese afronding van die verhandeling.

- Dr Erna Prinsloo, vir haar ondersteuning en vir die taalversorging van die navorsingsprojek.

- My man, Johan, vir sy liefde, hulp en aanmoediging.

- My kinders, Jaco en Tilana, vir hulle opoffering en inspirasie.

- My ouers vir hulle volgehoue aanmoediging en my skoonmoeder vir gebed en baie ure se hulp met die kinders.

Baie dankie aan almal - familie, vriende en kollegas - wat tydens hierdie studie vriendelikheid en belangstelling getoon het.

Ten slotte dank aan God, wat my gedagtes ken voordat hulle by my opkom. Dankie vir inspirasie, krag en insig wat die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het.

**Marinda Marais**

**Junie 2003**

## Opsomming

Die doel van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies is om te verseker dat interne ouditfunksies waarde toevoeg deur die lewering van gehaltediens.

Die doel van hierdie navorsingsprojek was om die aard, toepassing en belangrikheid van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies, soos voorgeskryf deur die standaarde en riglyne van die interne ouditeursberoep te ondersoek. Daar is ook gepoog om vas te stel tot watter mate hierdie standaarde en riglyne binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika toegepas word.

Die studie het bevind dat gehaltebeheer nie bevredigend binne alle interne ouditfunksies in Suid-Afrika toegepas word nie. Voldoening aan die voorskrifte van die hersiene interne ouditstandaarde (geïmplementeer op 1 Januarie 2002) kan die situasie verbeter. Interne ouditfunksies moet egter deur die beroep se professionele liggaam aangemoedig word om gehaltebeheer volgens die voorskrifte van die interne ouditstandaarde toe te pas. Hierdeur sal die beeld van die interne ouditeursberoep verhoog word en die voortbestaan van interne ouditfunksies verseker word.

## Summary

The purpose of quality control within internal auditing functions is to ensure that internal auditing functions add value by providing a quality service.

The aim of this research project was to investigate the importance of quality control within internal auditing functions as prescribed by the standards and guidelines of the internal auditing profession. It was also attempted to determine to what extent these standards and guidelines are applied within internal auditing functions in South Africa.

The study concluded that quality control is not adequately applied within all internal auditing functions in South Africa. Compliance with the internal auditing standards (implemented on 1 January 2002) should contribute to improve the situation. The internal auditors' professional body should motivate internal auditing functions to exercise quality control according to the internal auditing standards. This will uplift the image of the internal auditing profession and ensure the future existence of internal auditing functions.



## Key words

Internal auditing; Internal auditing functions; Internal auditing clients; Internal auditing services; Quality; Quality control; Quality programme; Quality assessment; Internal quality assessment; External quality assessment; Quality assurance service.